ONS GLO

# LAERSKOOL RANDHART

Samuelstraat, Randhart, Alberton • (011) 864-5110/1 • info@randhartlaer.co.za • randhartlaer.co.za

# KwartaalKlets 3 van 2026

Geagte Randhart-ouers en -voogde

Ek verwelkom u graag terug, al is die skool reeds vir ŉ paar weke aan die gang en ons volstoom aan die gang is. Met rugbytoere asook netbaltoere en -toernooie agter die rug, het die wintersportseisoen sommer vinnig momentum gekry. Daar lê ook ŉ reeks opwindende kultuuraktiwiteite voor, met besondere fokus op redenaars, kore en die kunswedstryd. Ons weet dat beide die skaakspan en kore reeds hard aan die voorberei is vir die Super 12-kompetisie.

1. Klerasie en nuwe sweetpakke

   Die eerste bestellings van ons nuwe sweetpak is reeds afgelewer. Die nuwe Rantie klerewinkel "Mode met hart" sal ook binnekort sy deure oopmaak. Laasgenoemde sal, soos in die verlede, bepaalde ure hê waar ouers en leerders die winkel kan besoek.

   Indien u kind se nuwe sweetpak te groot bestel is, kan u die sweetpak skoolkantoor toe bring en ŉ 'terugstuurvorm' voltooi. Die pakkie sal dan aan *No Limits,* besorg word en die korrekte grootte sal terug skool toe gestuur word. Ek doen weer ŉ beroep op ouers om toe te sien dat die klerasie duidelik gemerk is.

2. Randhart-ekspo: Saterdag 9 Mei

   Ons jaarlikse Ekspo trek hierdie jaar ŉ splinternuwe baadjie aan. Voornemende ouers sal die geleentheid kry om die hele terrein asook alle aktiwiteite (wat ons jaarprogram so woelig maak) te besigtig. Hierdie sal vir ouers ŉ baie beter geheelbeeld en ervaring van ons skool en die hartklop van Laerskool Randhart gee.

Nooi asseblief alle voornemende ouers uit na hierdie spoggeleentheid.

3. Super 12-rugby en -netbal

Ons eindig algeheel 6de van die 12 skole in die A-liga. Baie geluk aan die o.10A-netbalspan wat ʼn silwermedalje verower het. Die o.10A-rugbyspan eindig ook onder die top 4 spanne. Baie geluk aan hierdie 2 spanne.
Ek glo en vertrou ons spanne is nou slaggereed vir hulle onderskeie ligas.

4. Koorfees

Laerskool Randhart het op 19 April ʼn koorfees aangebied by die Linder-ouditorium. Dit was 'n skittergeleentheid waar 12 laer-, hoërskool- en volwasse kore in 2 aparte konserte byeengekom het om te deel in die vreugde van saam musiek maak!

Deelnemende kore was van regoor die groter Johannesburggebied en Helpmekaar Kollege, Crawford International Ruimsig, die Karisma Singers, Laerskool Kruinsig, die Johannesburg Children's Choir, Laerskool Fairland, Laerskool Louw Geldenhuys, Hoërskool Dinamika asook ons eie Randrefrein en Kiewietkoor was deel van die program.

5. Fietsry

Laerskool Randhart het geskiedenis gemaak deur vir die eerste keer aan 'n fietsry-kompetisie by Riversands Farm Village deel te neem en die fietsryers het hulself besonder goed van hul taak gekwyt. Met 31 deelnemers het Randhart 'n uitstekende 36ste plek uit 100 skole behaal. Vir 'n eerste wedren is dit 'n uitsonderlike prestasie wat getuig van harde werk, deursettingsvermoë en uithouvermoë. Ons is ongelooflik trots op elke fietsryer wat hierdie mylpaal moontlik gemaak het.

6. Wintersdrag

Wintersdrag geld vanaf 1 Mei tot 31 Augustus, maar ouers kan (afhangende van die weersomstandighede) hul diskresie gebruik met die oorskakeling.

Ons is trots op ons skooldrag en 2 van ons waardes nl. respek en uitnemendheid behoort ook weerspieël te word in hoe ons leerders hul skooldrag dra. Daarom versoek ons u daagliks sal toesien dat u kind met die korrekte drag skool toe kom.

Hiermee ʼn uiteensetting van die korrekte wintersdrag.

**Seuns: (graad 1 – 7)**
Grys langbroek met swart belt, blou langmouhemp met skoolwapen op sak, skooldas en grys kouse. Donkerblou skooltrui, oortrektrui, sweetpakbaadjie of formele skoolbaadjie.

**Dogters: (graad 1 – 7)**

- Grys langbroek, blou langmouhemp met skoolwapen op sak, skooldas en grys kouse. Donkerblou skooltrui, oortrektrui, sweetpakbaadjie of formele skoolbaadjie.

  **OF**

- Blou geruite rok met gordel en voorgeskrewe sykouse soos by leweransiers beskikbaar. Donkerblou skooltrui, oortrektrui, sweetpakbaadjie of formele skoolbaadjie.

**LET WEL:**
**Juniors (graad 1 – 3)**
Seuns en dogters mag hul skoolsweetpak met wit seilskoene dra.

7. Spankeuses, spangees en personeel

Ten spyte van talle versoeke sedert die begin van die jaar tydens inligtingsaande, blyk dit ongelukkig dat daar steeds ouers is wat nie ons afrigters se integriteit en oordeel respekteer nie.

Ek word gereeld gekonfronteer met afrigters in my kantoor wat ek moet oortuig dat dit steeds die moeite werd is om hul tyd en energie in afrigting te belê, ten spyte van WhatsApp-boodskappe wat niks minder as vernederend van aard is nie. In sommige gevalle word hierdie ontevredenheid selfs op sosiale media uitgespreek. Die inhoud van sulke boodskappe laat ’n wrang smaak en dra beslis nie by tot ’n positiewe sportkultuur nie.

Verder word griewe dikwels met ander ouers bespreek, wat onnodige negatiwiteit aanwakker. Ons moet onsself eerlik afvra: Hoe kan daar verwag word dat ’n span sinergie en samewerking toon, indien daar nie wedersydse respek tussen alle rolspelers bestaan nie?

Ek rig daarom weer ’n ernstige versoek aan alle ouers om die korrekte kanale te volg wanneer daar griewe of bekommernisse is. Indien ’n vergadering gereël word, versoek ek dat dit met wedersydse respek en begrip benader word, met die wete dat u en die skool in die meeste gevalle nog ’n lang pad saam sal stap.

As skoolhoof dra ek die verantwoordelikheid om my personeel te motiveer en om die beste moontlike afrigters na ons skool te lok. Dit word egter bemoeilik wanneer personeel op 'n onsensitiewe en oneerbiedige wyse hanteer word.

Baie dankie aan die oorgrote meerderheid ouers wat hulself met integriteit, respek en lojaliteit teenoor die skool en sy personeel gedra. U ondersteuning maak 'n wesenlike verskil.

**"Mag ons by Randhart elke dag doelbewus groei in elke aspek van ons lewens, sodat ons 'n betekenisvolle en blywende impak kan maak – nie net binne ons skool nie, maar ook in ons gemeenskap."**

D F Venter
Skoolhoof